

**1 Julie**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:20-31**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:31**

### **Jy moet stylvol lewe, Bybels stylvol**

Jou leefwêreld verander gedurig, want jou leefwêreld is besig om uit te loop. So skryf Paulus. Die gedaante van hierdie wêreld gaan verby. Jy moet die lewe wat jou gegun word, benut, maar nooit misbruik nie. Jy moet die lewe liefhê, maar nooit verafgod nie. Jy moet die lewe in die kuns waardeer, nie die ontaarding daarvan nie. Jy moet jou gawes, talente en vermoë ontplooi in die geleentheid wat jy het. Jy moet die lewe geniet in al sy fasette van ontspanning, maar nie sy degenerasie nie. Jy moet die liefde in die lewe met vreugde geniet. Moet nie met bombasme, woede en geweld jou dagpad loop nie, want dit is die dinge wat met hierdie wêreld verby sal gaan. Jou lewenstyl moet altyd wees soos dié van 'n burger van die koninkryk van God, want sy koninkryk sal nooit ophou nie. Hierdie wêreld gaan verby; daarom moet jy versigtig wees hoe jy leef. Jy kan jou nie alles veroorloof met dié gerieflike aanhaling nie: "Beproof alle dinge en behou die goeie." Jy moet ander standaarde handhaaf. Al is jy nou in hierdie wêreld, is jy is 'n kind van God, 'n burger van die koninkryk van die hemele. Jou leefstyl moet dus die styl van dié koninkryk wees. Dit lê jou nie 'n las op nie of dwing jou tot 'n lang gesig nie, maar dit is 'n bron van vreugde. Vandag gaan weer kom met vrae en eise en verleiding. Beoordeel dit, weeg dit. Tree vandag op volgens die styl van 'n kind van God.

*Sing: Skrifberyming 33:1 Dr JM van Tonder (Krugersdorp-Wes)*